

In hierdie grendelstaattyd kan jy deur middel van die volgende skakels aan die ereadiens deelneem deur net op die skakel te druk.

Video Youtube –

<https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnJSnt5qh05g>

Facebook - <https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/>

Oudio Kerkdienstgemist –

<https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---Pretoria>

Gereformeerde Kerk Waterkloofrand –
https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=19

DIENSBEURTE

Vandag:

09:30 Wyke 19 & 20

Ouderlinge: Br. Tinus Erasmus
Br. Douw Breed jnr

Diaken: Br Joryn van Staden

18:30 Wyke 21 & 22

Ouderlinge: Br. Pieter Smit
Br. Theo le Roux

Diaken: Br. Ian de Villiers

KOLLEKTES

Tydens die ereadiens:

Diakonale kas:

ABSA: Diakonie,

Spaar Rek. No. 9139785681

Na die ereadiens: Kerkkas

ABSA: Gereformeerde Kerk

Waterkloofrand

Rek no. 000 340 685



EREDIENSTYD VANAF VOLGENDE SONDAGOGGEND

**Vanaf volgende Sondag 6
September begin die
oggenderediens om 09:00**

Program vir die week

Vanoggend na die ereadiens.

Katkisasie vir die laerskoolkinders op hulle gewone plekke.

Maandag: Pastorie

Katkisasie vir Hoërskoolleerders:

16:00 - Graad 10

17:00 - Graad 8, 9

18:00 - Belydenisklas

19:00 "Ouer"jeug Vereniging

Bybelstudie vir jongmense. Sien berig elders in die Waterkruik.

Donderdag:

Bybelstudiegroepe

09:30 In die konsistorie

18:30 Virtueel. Kontak Neels Kloppers vir meer besonderhede.

19:30 oor MicrosoftTeams.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders en susters van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie." Spreuke 3: 5

Vandag

Br. Leon Hossel 082 858 2998

Sr. Jamie van Wyk 072 999 1155

Woensdag 2 September

Sr. Marna Horn 082 379 8536

Sr. Debbie Lemmer 082 331 9326

Saterdag 5 September

Sr. Hannie Kohlmeyer 082 57 74739

Elizabeth Swanepoel (1) 083 294 8250

MEELEWING

Sr. Nita Labuschagne ondergaan Maandag 'n hartklepvervangings-operasie in Unitas hospitaal. Ons bid dat die Here jou styf sal vashou in sy liefde en dat die operasie suksesvol sal wees. Ons is dankbaar om te verneem dat dit heelwat beter gaan met *br. Coen*. 082 490 4111

Br. Ferdie Pelser se ma is die afgelope tyd oorlede. Ons innige meegevoel met hom en *sr. Tersia* 083 441 2572 en met *Chené Keyser* 082 856 4431 en *Kilayne Pelser* 082 856 4470 met hulle ouma. Ons bid julle die vertroosting van die Heilige Gees toe.

Sr. Drieks Snyman is in die Groenkloof Hospitaal opgeneem om die wond aan haar been waarmee sy al baie lank sukkel, onder narkose skoon te maak en daarna in 'n vakuum te plaas om sodoende te help genees. Sy is in totale afsondering en sal nog 'n paar dae daar wees. Ons bid dat die Here die behandeling sal seën en dat die wond volkome sal genees.
076 574 0850

Ons dink ook in ons gebede aan *sr. Emmie van der Schyff*. Sy het al baie jare kanker en dit het nou verder versprei. Mag die Here jou krag gee vir elke dag en jou en *Okkie* in die holte van sy hand vashou. Mag sy genade elke dag vir julle genoeg wees.
083 443 6200



"Julle moet julle dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."

Matteus 6:31-33

ATTESTATE

Ons is baie bevoorreg om nog nuwe lidmate te verwelkom.

Br. en sr. Max Lange en Nicola Hoffmann Lange en hulle 3 kinders *Piet Hoffmann*, 'n belydende lidmaat en *Jodi Lange en Nicolaas Hoffmann*, dooplidmate, kom van die Gereformeerde Kerk Rooihuiskraal af .

Hartlik welkom in ons midde. Ons vertrou dat julle gou tuis sal voel.



SKRYWE IVM VIERING VAN DIE HEILIGE NAGMAAL

*"Hierdie beker is die nuwe verbond deur my bloed.
Doen dit, so **dikwels** as julle daaruit drink, ter herinnering aan My."
(1 Korinthiërs 11:25)*

Ons kerkraad het gisteraand (26 Augustus 2020) by ons kerkraadsvergadering besluit dat ons nie die sakrament van die Heilige Nagmaal in hierdie maand saam sal vier nie. Onder leiding van die Heilige Gees en onder gedurende gebed het die bedieningskommissie die saak in die lig van die Skrif deeglik ondersoek en die volgende aanbeveel:

In die lig van die beperkende maatreëls wat onder die "Staat van Inperking" geld word aanbeveel dat die Heilige Nagmaal nie onder die huidige omstandighede in die gemeente gevier moet word nie:

1. Die Heilige Nagmaal is 'n "Eenheidsmaal". Die wese daarvan word nie deur die gestelde alternatiewe ondersteun nie.
2. Die simboliek van die gebruik van die wyn uit 'n gesamentlike beker sal verlore gaan.
3. 'n Groot aantal lidmate sal van die Nagmaal uitgesluit word a.g.v. die beperkende maatreëls van die relevante regulasies.
4. 'n Aantal lidmate sal uitgesluit word bloot a.g.v. hulle persoonlike gesondheidsrisiko.
5. Dat toekomstige geskeduleerde Nagmaalvierings op meriete beoordeel word.
6. Dat indien die geleentheid ontstaan om Nagmaal in die gemeente te vier buite geskeduleerde tye, die Nagmaal sodanig gereël word.

Skriftuurlike begroning

Wanneer ons, soos met alle dinge, oor die viering van die nagmaal dink, is dit belangrik dat die Skrif rigting gee en nie die praktyk sal bepaal hoe ons moet maak nie. Wanneer ons die nagmaal vier, wil ons dit vier soos God dit beveel en ingestel het. Met die oog daarop moet ons bepaal wanneer ons dit weer só kan doen en luister na wat die Here in sy Woord hieroor sê:

- Oor die wanneer van nagmaal is daar nie 'n uitdruklike voorskrif wat vir ons aandui hoe gereeld ons die sakrament moet gebruik nie. Ons Here het wel 'n duidelike beginsel vir ons neergelê in die woorde: "doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis" (1 Kor. 11:25). Dikwels – dit beteken so gereeld as wat **goed** en **moontlik** is. In die huidige omstandighede val die klem veral op laasgenoemde: wat moontlik is.
- In die lig van die sesde gebod ontvang ons 'n duidelike opdrag van die Here dat ons alles wat ons naaste benadeel sover moontlik moet probeer voorkom (vgl. HK Sondag 40). Dit geld ook te midde van die aansteeklike siekte waarmee ons tans te doen kry, en dit geld net so aan die nagmaalstafel. In ons eie omgewing en onder ons eie lidmate is daar heelwat wat baie blootgestel is aan Covid-19, en wat self daardeur siek geword het. Weens dit is daar ook 'n aantal lidmate wat konsekwent hulleself weerhou van persoonlike kontak met ander, ter wille van hulle eie gesondheid en die van ander.
- In besonder teen die agtergrond van die nagmaal wat 'n gemeenskapsmaal is, het bogenoemde 'n groot effek. In 1 Korintiërs 11:33-34 gee Paulus, alhoewel in ander omstandighede, 'n duidelike beginsel weer wat in alle gevalle met die nagmaal verband hou: "daarom, my broeders, as julle saamkom om te eet, *wag vir mekaar...*" Die opdrag beklemtoon die gemeenskaplike karakter van die nagmaal – ons kan dit nie alleen vier, of sonder 'n aansienlike deel van die liggaam wat met grondige rede ontbreek nie. Ook in die huidige omstandighede kan ons vir mekaar wag. Meer nog: ons wag op die Here om die regte tyd te gee dat ons as liggaam weer in groter volledigheid in verantwoordelikheid kan saamkom.

Ten slotte: wanneer ons die nagmaal gebruik, gebruik ons dit weldeurdag. Laat ons ook nou, terwyl ons nié die nagmaal kan gebruik nie, ook dít weldeurdag doen: weldeurdag afwagting vir wanneer ons weer almal saam met mekaar aan die tafel van die Here kan aansit, en ook weldeurdag afwagting vir wanneer ons in die volle gemeenskap hiervan mag deel hê met die bruilofsmaal van die Lam.

Indien u enige onrus of vrae het is u welkom om u wyksouderling of vir ds Gerben te kontak. Die volledige verslag van die kommissie word ook vir u aangestuur.

Ons bid u die krag en sterkte van ons Here Jesus Christus toe.

Namens die kerkraad,

Ds. Gerben Meijer

Oudl. Toy Kruger

INPERKINGSVLAK 2: Meer Vryheid bring groter Risiko

Die Covid19 inperkingsvlak het gedurende die week van vlak 3 na vlak 2 verander. 'n Stap wat uit n ekonomiese oogpunt baie welkom is en wat alom verwag was. Alhoewel dit baie meer ekonomiese- en sosiale vryheid meebring verander dit niks aan die vereistes wat vir geloofsbyeenkomste in die Rampbestuursregulasies daargestel is nie.

Inteendeel, mens kan verwag dat die risiko vir infeksie verhoog en ons moet waaksaam wees.

Verskeie lidmate het reeds positief getoets vir hierdie hoogsaansteeklike virus.

Ons het ook reeds by twee geleenthede lidmate gehad wat, die week nadat hulle n Erediens bygewoon het, positief getoets het vir Covid19. In die gevalle is alle lidmate wat die Sondag in die kerk was van die infeksie in kennisgestel om hulle bewustheid op te skerp vir moontlike simptome en gepaardgaande infeksie.

Ten einde die risiko vir ons gemeentelede te beperk en om die voortsetting van Eredienste te verseker is dit nou meer as ooit tevore van uiterste belang om aan die volgende aandag te skenk:

1. Vul u persoonlike bywoningsvraeboek sover moontlik tuis in. Dit voorkom samedromming by die kerkdeur. Gee asb aandag aan al die persoonlike besonderhede soos ID Nommers, telefoonnommers en huisadresse. Tydens n krisis is dit moeilik om besonderhede in die lidmaatregisters te gaan opsoek.
2. Beantwoord die vrae eerlik.
3. Moenie 'n Erediens bywoon as u simptome het of infeksie vermoed nie.
4. Lidmate met onderliggende gesondheidstoestande moet uiters versigtig en waaksaam wees.
5. Oordrag vind by wyse van druppelbesmetting plaas.
6. Dra ten alle tye tydens die Erediens 'n lapmasker wat die mond en neus bedek.

7. Handhaaf goeie persoonlike higiëne deur in u elmboog te hoes, nies of gaap.
8. Handhaaf die voorgeskrewe sosiale afstand van 1.5m.
9. Groet sonder persoonlike aanraking.
10. Sing in u hart saam of neurie die woorde saam. Weerhou sang uit volle bors.
11. Vermoed aanraking van oppervlaktes. (Die rugleuning van die bank voor u wanneer u opstaan of gaan sit, deurhandvatsels ens.).
12. Weerhou u daarvan om aan u gesig te vat. (Mond, neus en oë).
13. Reinig u hande by aankoms.
14. Maak seker dat u liggaamstemperatuur geneem word en dat u dit op die vroeboog inskryf.
15. Vermoed sosialisering voor en na die Eredienste

U volkome samewerking word vriendelik gevra. Toenemende infeksies en oordrag tydens kerdienste kan baie negatief inwerk op die besluit van die Kerkraad om Eredienste aan te bied.

Wees waaksaam en bly gesond.

VREEMDKLINKENDE WOORDE IN DIE PSALMBOEK - 15

Psalm 74: 16 - **Erlang**: *verkry, behaal, verwerf, deelagtig word*
*"Mag ons, o HEER, u bystand maar **erlang!**"*

Psalm 75: 6 - **Horing**: *blaasinstrument*
*"maar ons **horing**, swaar getref,
 word deur God eer opgehef"*

Psalm 77: 6 - **Indagtig**: *herinner aan, bewus maak van*
*"wil liever wees **indagtig** al u dade"*

Psalm 78: 7 - **Weerspanning**: *ongehoorsaam, koppig, opstandig*
*"nogtans was hulle **weerspanning** teen sy hand"*

78: 16 - **Kikvors**: *padda*
*"**kikvors** en steekvlieg in die land gestuur"*



78: 17 - **Bliksemskig:** *weerligflits*


*"en oor hul vee het Hy die **bliksemskig**"*

78: 25 - **Gehoed:** *bewaak, beskerm*

*"Hy het hul **gehoed** in sy opregtheid"*

VROUE DEUR DIE LENS VAN DIE BYBEL

Ter viering van Vrouemaand het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika onlangs vir advokaat Thuli Madonsela, voormalige Openbare Beskermer, genooi om haar gedagtes te kom deel rondom die tema van sosiale geregtigheid vir vroue deur die lens van die Bybel. Sy het beklemtoon watter waardevolle rol die Bybel in haar vormingsjare gespeel het en hoe dit tot haar loopbaan in die regte aanleiding gegee het.



"My leierskappogings in my kinderjare is deur die bybelse regter, Debora, geïnspireer. Sy het as regter onder 'n boom gesit en die ganse Israel beoordeel. Mans en vroue het na haar gekom vir raad en 'n uitspraak wanneer daar konflik was," het sy onthou.

Adv Madonsela sê die storie van Barak se roeping om oorlog te verklaar teen Sisera, wat uiteindelik deur Jael om die lewe gebring is (Rigters 4), het sy menige keer in haar kinderdae gehoor. Dit het haar geleer dat daar tye sal kom waar God jou vra om sekere take te verrig. "Jy moet dan opstaan en doen wat jy moet doen met die vaardighede en hulpbronne tot jou beskikking," het sy bygevoeg.

Adv Madonsela sê die grootste les wat sy geleer het oor sosiale geregtigheid is die storie van Jesus en die vrou wat owerspel gepleeg het (Johannes 8:1-11). "’n Mens kan spekuleer oor wat Jesus in die sand geskryf het, maar ek onthou in een van die kerkdienste in my kinderdae, is daar genoem dat Jesus waarskynlik die sondes van al die mense neer geskryf het. Dit het hulle laat beseft dat hulle nie kon lieg oor dat hulle nooit gesondig het of selfs van dag tot dag sondig nie. Verkeerd is verkeerd. Die saak is nie wíé verkeerd is nie — dit is wát verkeerd is. En as daar gevolge is vir die verkeerde aksie, dan moet daardie gevolge vir almal geld."

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT

Ds. Gerben Meijer
062 279 4469
MONUMENTPARK

SKRIBA

Johan Hoogendyk
082 319 3377

SONDAGKOSTER

Hein Wichmann 082 873 3569

WEEKKOSTER

Nienke vd Walt 083 398 9080

ATTESSKRIBA

Tinus Erasmus
012 807 5213
082 410 2252

OU DL SKRIBA

Corrie Skinner
082 494 0309

KANTOOR

Nienke vd Walt 083 398 9080

VOORSITTER DIAK

Jacques Tredoux
073 245 8307

ORRELIS

Ansie Wichmann
072 605 8675

KANTOORURE

Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

e-pos kerk: nwgkw@telkomsa.net

BANKBESONDERHEDE

Kerk

ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za

Daar is skakels wat u neem na oudio- en videoutsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

Diakens

ABSA: Diakonie Spaar
Rek. No. 9139785681

